

Tema : Is Jesus se woorde en daede jou woorde en daede?

Skriflesing : Johannes 17 vers 20 - 23

Hoofstuk 16 van Johannes se brief het vier opskrifte: *Julle moet nie van My afvallig word nie, Die werk van die Heilige Gees, Julle droefheid sal in blydschap verander en Ek het die wêreld oorwin.* Jesus sê onder andere dat Hy nog baie dinge het om vir sy dissipels te sê en dat hulle ook nie alles sal begryp wat Hy sê nie. Hy sê dan vir hulle in Johannes 16:13 "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig."

Met hierdie uitspraak oor die dinge wat nog gaan kom, sê Jesus ook verder dat hulle droefheid in blydschap sal verander, want Hy het reeds die wêreld oorwin." Met dit raak hulle stil, Jesus kyk op na die hemel, praat met Sy Vader en bid dan ook vir Sy dissipels.

[Lees Johannes 17:20-23]

Wat dadelik hier opval, is dat Jesus duidelik sê dat Hy nie net vir Sy dissipels bid nie, maar ook vir hulle wat deur hulle woorde tot geloof in Hom sal kom. Met ander woorde, God almagtig, Jesus Christus, die een wat 2000 jaar gelede aan die kruis gesterf het, het vir my en vir jou, gebid. Laat dit vir 'n oomblik insink. Jesus Christus, Verlosser, Oorwinnaar van die dood, het vir ons gebid.

Dit is 'n gedagte so groot dat vandag se preek eintlik sommer reeds net hier kan eindig. Jesus het vir my, Francois, gebid. Jesus het vir, Kraggakamma, gebid. Jesus het vir ons gebid.

God se woorde word hulle woorde. Hulle woorde behoort ons woorde te wees.

Wat verder hier opval, is dat Jesus se woorde die dissipels se woorde geraak het. Jesus het Homself met Sy dissipels gedeel en hulle het weer op hul beurt dit wat hulle by Jesus geleer het met die mense om hulle gedeel om meer en meer mense in die geloof te oortuig van wie Jesus is.

Die woorde van die Here wat hulle aanbid en gevolg het, het hulle woorde geraak. Net so moet ons woorde ook die woorde wees van Wie ons aanbid en volg. Dit is eintlik heel logies. As jy heeldag te doen het met finansies, gaan jou woorde vol finansiële terme wees. Jy

gaan praat van 'n wins en 'n verlies na mate jou verhoudings met mense groei of kwyn. As jy 'n boer is, is water waarskynlik vir jou 'n belangrike bron. Dan gaan die hoeveelheid water in jou damme bepaal hoe goed dit met jou gaan. As boer is jy die dam-halfvol of die dam-halfleeg tipe mens.

As gelowige behoort ons geloofstaal ook ons daaglikse lewe te weerspieël. Ons lewe nie maar net nie; ons is deur genade gered uit die dood. Die mooi natuur rondom ons is nie maar net 'n speling van ewolusie nie, dit is die hand van God wat alles beeldskoon geskape het, elke dingetjie op sy plek. Ons werke behoort nie net 'n beroep te wees nie, die plek waarheen jy gaan om geld te maak sodat jy 'n naweek kan geniet nie. Ons werke behoort 'n roeping te wees, die daaglikse aktiwiteit wat jy doen om jou Godgegewe talente uit te leef wat die Here jou gegee het sodat jy daardeur 'n verskil in die wêreld kan maak.

As ons woorde, wat natuurlik dade ook impliseer, Jesus se woorde en dade word, kan julle #imagine hoe hierdie gemeenskap sal lyk? Kan julle #imagine hoe PE sal verander as ons klein groepie Kraggakammalinge werklik Jesus begin leef!

Die ek in die ons.

Ek sê spesifiek "groepie" Kraggakammalinge want Jesus het nie bedoel dat ons alleen leef nie. Jesus het nie Sy lewe op aarde alleen geleef nie. Hy het dit konstant in gemeenskap met ander geleef. Daarom in vers 21 bid Jesus dat ons een mag wees. Ons is God se fontein van liefde. Saam moet ons leef.

As elkeen op sy eie lewe, gaan ons vinnig in opposisie teenoor mekaar staan. Ons gaan beter as mekaar wil wees. Die een gaan meer wil bymekaarmaak as die volgende een. En kort voor lank word hierdie een-een-lewe 'n alleen-lewe, waar jy alleen al een is wat omgee oor jou eie koninkryk.

Jesus bid vir ons dat dit juis nie moet gebeur nie. Dat ons deur alles altyd moet saamstaan. Dat 'ons' belangriker as 'ek' is. Dat ons 'ngesamentlike doel sal najaag. Daardie doel weereens om meer mense deel te maak van ons. Om die mense wat alleen lewens lei, deel te maak van ons. Sodat hulle woorde ook die woorde van Jesus kan word. Sodat hulle ook die heerlijkheid van God in gemeenskap kan ervaar.

Geloof lei tot kennis en kennis vermeerder geloof.

Ons Kraggakammalinge se eenheid sal getuig van Jesus Christus se woorde. Volgens vers 21 sal ons eenheid getuig sodat die mense kan glo in Jesus Christus, in vers 23 sal ons eenheid getuig sodat die mense kan weet van Jesus Christus. Ons geloof sal tot kennis van

God lei en daardie kennis sal weereens ons geloof vermeerder. As ons as gemeenskap saamstaan en leef vanuit Jesus se woorde en dade, sal ons eenheid vir die mense daar buite laat glo dat Jesus in ons lewens aan die werk is. So 'n geloof in ons eenheid wat Christus bewerk, sal maak dat die ekke van die buurt by ons wil aansluit. Hulle sal dan weet dat ons een is, omdat Jesus ons saambind in geloof en daardie kennis sal weer maak dat die ekke meer en meer deel word van ons.

[houtspeelgoed illustrasie]

Jesus se WOORDE moet ONS GELOOFSWOORDE word. Verdeeldheid bedreig 'n gemeenskap, maar EENHEID getuig van 'n gemeenskap wat gewortel is in die GELOOFSWOORDE van Jesus Christus.

Gaan jy op jou eie aangaan? Of gaan jy meer en meer deel van ONS raak?

AMEN